2026

# DIE KOORD

UNIVERSITEITSOORD

APRIL

NO. 717



## SEWE BESONDERE WEKE – ARNO MEIRING

Almal ken die sewe lydensweke – wat sober afskop met Aswoensdag – en waartydens ons Jesus se lydingspad onthou. Die sewe weke van Pase is net so besonders. Na die gestrooptheid van Goeie Vrydag, vier Christene nou die lewe en ons praat oor liefde, genade en hoop. In Jesus se opstanding oorwin lewe die dood, lig breek deur duisternis, en ons word uitgestuur om boodskappers van hierdie hoop te wees. In die Katolieke tradisie het hierdie Sondae elk hulle eie name wat iets van ons blydskap beskryf, soos Misericordias Domini (die liefde van die Here), Jubilate (juig), Cantate (sing) en Rogate (roep).

Kerke volg die Paasverhaal soos Lukas en Handelinge dit vertel, met Jesus se Hemelvaart veertig dae na sy Opstanding. By ons ekumeniese Hemelvaartdiens gaan die Oppistoep-gemeentes soos gebruiklik die Here saam aanbid, besing, ontmoet en nagmaal saam vier. Die diens is vanjaar in ons eie kerk, op 14 Mei om 19:00.

Hierna lei Anuschka ons Pinksterreeks vanaf 17 tot 24 Mei; 'n spesiale tyd van geestelike verdieping en ook 'n heerlike saamkuier met sop, broodjies en melkkos Maandag tot Woensdag om 11:00 en weer 19:00.
Die gebruik om Pinksterreekse te hou is mos uniek aan die NG Kerk en dateer uit 1861 toe Ds Van der Lingen die eerste Pinksterbidure in die Paarl begin het.
Tien dae na Hemelvaart is Pinkstersondag, wat die uitstorting van die Heilige Gees vier.

Ons onthou dat die Here ook sy Gees vir elkeen van ons gegee het, stel onsself oop om deur Hom aangeraak te word, en gestuur te word na die wêreld.


Ons gemeenteprogram oor die volgende klompie weke weerspieël iets van ons vreugde en hoop.
Die kwartaal het pas begin (na 'n baie kort vakansie), maar die studente het reeds 'n Worship-aand (Lofprysingsaand) gehou. Ons studente- en Medius groeigroepies gaan aan (en natuurlik Bybelstudie op Dinsdagoggende).

Ons bied ook 'n *Hot Potato*-reeks aan oor daardie sensitiewe onderwerpe waaroor ons huiwer om te praat: op Sondagaand 26 April gesels Dr Antoinette van der Merwe oor die keuse om nie te emmigreer nie, maar om in Suid-Afrika 'n roeping te vervul (O my volk), gevolg deur sprekers oor seks (5 Mei – Ds Danie Vermaak), verslawing (12 Mei – Karen Levy Strauss) en geestesgesondheid (26 Mei – Anri van den Berg).
Ons samel ook klere, komberse en sopbestanddele in vir ons Houers vol hoop projek. Einde Mei deel ons dan glasbottels gevul met sopbestanddele uit aan die CMR vennote in die Middestad. Kom ons bid ook vir mekaar – en spesiaal vir ons studente wat tussendeur toetsweek en eksamen moet slaag!

Só vier ons Pase: Die Heer het opgestaan.
Die Heer het waarlik opgestaan!



# PREEKBEURTE




# ALLE INLIGTING

# ONS GELDSAKE

By die laaste kerkraadsvergadering het ons die nuwe finansiële jaar se begroting goedgekeur, en ons het groot waardering vir Otto Diedericks (FK voorsitter), Maretha Minnaar en die finansiële kommissie se harde werk en beplanning rondom die syfers.

Oor ons inkomstebegroting het ons min beheer en ons is afhanklik van lidmate se getroue maandelikse bydraes. Ons het daarom die afgelope jaar se werklike inkomste as basis gebruik, met die gevolg dat ons vir gemeentebydraes van R2 083 632 begroot het.

Dit bestaan uit maandelikse dankoffers (R1 440 877), eredienskollektes (R537 755) en die tiendemaand dankfees (R105 000). Ons is baie dankbaar vir die sinode se bydrae wat vanjaar R2 574 648 beloop. Ander inkomstes sluit in huur (R465 000), rente (R759 016), kaskar (R349 000), ouerbydraes (R30 000) en Eerstejaarskamp en studente uitreike (1 025 000), vir 'n totale inkomstebegroting van net oor die R 7.2 miljoen.

Ons bestuur ons uitgawes versigting. Ons maak voorsiening vir kantoor en administrasie (R1 181 355), barmhartigheid, studente en uitreike(R1 155 000), eredienste (R196 500), salarisse (R4 392 648), en instandhouding (R506 380) vir 'n totale uitgawebegroting van rondom R 7.4 miljoen.

Otto skryf *"… die beplanning van bedieningsaspekte is direk gekoppel aan dit wat ons ontvang. Hier kan die gemeente se offergawe en dankoffer bydraes ons vermoë uitbrei om nog meer van die bedieningsplanne te verseker! Want daar is inderdaad nie 'n tekort aan entoesiasme en kreatiewe idees nie."*

Ons glo dat as ons op verlede se jaar se inkomste verbeter – en ons uitgawes kan dophou – sal ons uiteindelik mooi gelyk sal breek. Ons sal wel elkeen sy of haar deel moet doen met maandelikse bydraes, eredienskollektes, kaskar en ander projekte. Baie dankie vir almal wat reeds groot bydraes maak.

In ons gemeente se geldsake ontmoet en dien ons uiteindelik die Here. Ons weet dat elke bydrae – finansieël en diens – 'n gawe uit sy hand is. Ons vertrou Hom daarvoor en ons wil Hom eer op die maniere hoe ons kies om dit te gebruik.

NG Gemeente Universiteitsoord
ABSA
Tjekrekening
Takkode 632005
540 580 006

SnapScan

# PAASFEES








# LYDENSMUSIEKAAND






NG Universiteitsoord het Lydenstyd gevier op 25 Maart met 'n Lydensmusiekaand waar ons na Matteus se weergawe van die laaste dae voor Jesus se kruisiging geluister het. Die verhaal was verweef met liturgiese handelinge, skriflesings en musiek. Komposisies van onder andere Bach, Handel, Kreisler en Marcello het saam met melodieë die lydenstyd uitgebeeld. Tjello, hobo en 'n tenoor het saam met die orrel in gesprek getree en studente het uit die gemeente gehelp om die verhaal sigbaar en hoorbaar te maak, sodat ons nie net kon luister nie, maar sáám dit beleef.

Tjello: Mietze Dill
Hobo: Johan Ferreira
Tenoor: Pierre van der Merwe
Orrel: Dr Isabelle van Rensburg

# SOKKIE VIR LENTE

Ons fondsinsameling vir klein Lente het baie goed gegaan! Ons het net oor die R10 000 ingesamel deur die ingangsfooie van ons studentesokkie en snoepie, en daar was ook baie mense wat ekstra donasies gemaak het. Ons hoop dat dit kan help om haar ouers te ondersteun in die herstelproses van hulle klein dogtertjie.

Dit is hoe Universiteitsoord kan help. Ons student het dalk nie altyd die fondse nie, maar hulle weet hoe om te sokkie!














# SAVE THE DATE

Kom luister na Antoinette van der Merwe wat vir ons haar storie vertel en insig gee oor hoe om jou roeping hier in Suid Afrika uit te leef.

**Oorsig**

*"Na vyf jaar in die wonderlikste land in die wêreld, Switserland, het ek en my gesin besluit om terug te trek na Suid-Afrika, bestemming van moord, roof, beurtkrag en korrupsie. Was ons heeltemal mal?"*

Antoinette deel haar en vele ander Suid-Afrikaners se storie wat - soos hulle - in die buiteland gebly het en besluit het om terug te trek. Sy ontleed en probeer verstaan hoekom enige mens gelukkiger sal wees in hierdie moeilike land as in die land van kaas en sjokolade. Sy vat ons ook op 'n reis na die verlede om haar eie familie geskiedenis te verstaan, die verbindtenis met hierdie land, wie ons is, en hoe mens 'n deel daarvan verloor as jy weg gaan.




**26 April | 19:00**

Antoinette van der Merwe

BEHOORT & BEWEEG

Dinsdae | 19:00

5,12, 26 Mei

# HOT POTATO



## 3 WEKE REEKS



**WEEK 1: 5 MEI**
Sex voor die huwelik?

**WEEK 2: 12 MEI**
Verslawing

**WEEK 3: 26 MEI**
Mental Health

HOT POTATO

Maak 'n verskil

# MEDIUS WINTERPROJEK

MARTUS PROJEK

## UNIVERSITEITSOORD

## HOUERS VOL HOOP

APRIL & MEI 2026

## ONS KORT BESTANDDELE

Rys
*Soup Mix*
Lensies
Soppoeier
*Stock*






## BRING LEË KOFFIE BOTTELS

# UNIVERSITEITSOORD




## MEER INLIGTING

linktr.ee/universiteitsoord


## KONTAK ONS

Kerkkantoor:
066 408 0909
kantoor@unio.co.za
Maretha Minnaar
Finansies & Admin
Maryna Enslin
Bemarking & Kommunikasie

Predikante:
Arno Meiring
Tuisgemeente
082 807 4530
arno@unio.co.za

Anuschka Smit
Amicus - Dagstudente
072 599 0695
anuschka@unio.co.za

Christian Oberholzer
Meraki - Koshuisstudente
082 349 7317
christian@unio.co.za



## DIENSTYE

Sondae 09:30 & 19:00

## ADRES

Duxburyweg 105, Hillcrest, Pretoria, 0083

*Is jy uitstedig?*
**volg ons dienste op**
YouTube

www.universiteitsoord.co.za/preekopnames

## DANKOFFERS

NG Gemeente Universiteitsoord
ABSA
Tjekrekening
Takkode 632005
540 580 006

SnapScan

www.universiteitsoord.co.za